# BSc (Landskapargitektuur) Landskapargitektuur (12132004)

| | |
|---|---|
| **Duur van studie** | 3 jaar |
| **Totale krediete** | 422 |
| **Kontak** | Mr GA Young u02398664@tuks.co.za +27 (0)824621491 |

## Programinligting

Landskapargitektuur is die kuns en wetenskap wat ingespan word om buiteruimtes vir die gebruik en genot van die mens te ontwerp. Parke, wildreservate, ontspanningsgeriewe en marinas is maar enkele van die omgewings wat deur landskapargitekte ontwerp word. Hulle skep stedelike oases in die vorm van buiteruimtes en wandellane en ontwerp die omgewings by winkelsentrums en residensiële ontwikkelings. Die landskapargitek kan by ’n privaat firma aansluit, ’n eie besigheid begin, of in die sentrale, provinsiale of plaaslike regering werk by departemente of afdelings wat met waterbenutting en -navorsing, bos-bou, omgewingsake, sport en ontspanning, hengelgebiede, of natuurbewaring gemoeid is. Studente word aangeraai om praktiese ondervinding op te doen deur tydens universiteits-vakansies in die kantoor van ’n argitek/landskapargitek werksaam te wees.

Die BScLArch-graad is ’n drie jaar graad wat ’n uittreevlak bied waarmee ’n gegradueerde as kandidaat senior landskapargitekstegnoloog by die Suid-Afrikaanse Raad vir die Landskapargitektuurprofessie kan registreer. ’n Senior landskapargiteks-tegnoloog is ’n professionele persoon, geregistreer by SARLAP ingevolge die Wet op Landskapargitekte (Wet 45 van 2000). Hierdie praktisyns is vir ’n praktyk van hulp in die dissiplines van landskap-argitektuur en stadsontwerp waar hulle verantwoordelikhede projekdokumentering, projekadministrasie en terreinbestuur insluit.

Om ’n professionele landskapargitek te word, moet ’n gegradueerde aansoek doen om toelating tot die verdere twee jaar voltydse studie van die professionele graadprogram. Die Magistergraad in Landskapargitektuur (Professioneel) word deur die Suid-Afrikaanse Raad vir die Landskapargitektuurprofessie erken vir registrasie as ’n kandidaat professionele landskapargitek ingevolge die Wet op die Landskap-argitektuurprofessie (Wet 45 van 2000).

Kandidate wat professionele landskapargitekte wil word, moet hierna aansoek doen om registrasie vir die BLHons-graad (een jaar voltyds) en daarna vir die ML(Prof)-graad (een jaar voltyds).

## Toelatingsvereistes

### Kandidate wat voor of in 2007 gematrikuleer het

Die volgende minimum vereistes is van toepassing: ’n Graad 12-sertifikaat met universiteitstoelating en ten minste 40% (E-simbool) vir Wiskunde en Natuur- en Skeikunde op Hoërgraad of ten minste 50% (D-simbool) vir dieselfde vakke op Standaardgraad. Die vereiste minimum M-telling vir Graad 12 is 18

punte.

**Kandidate wat in 2008 of daarna gematrikuleer het**

Die volgende minimum vereistes is van toepassing: ’n Nasionale Senior Sertifikaat met toelating vir graaddoeleindes en ’n minimum Toelatingspunttelling (TPT) van 27; ’n prestasievlak van minstens 4 (ten minste 50%) vir Wiskunde en Fisiese Wetenskap; ’n minimum prestasievlak van 5 (ten minste 60%) vir óf Afrikaans óf Engels (as huistaal of eerste addisionele taal) en ’n prestasievlak van minstens 4 (ten minste 50%) vir Lewensoriëntering al word hierdie vak nie gebruik in die berekening van die TPT nie. Die TPT word bereken met twee taalvakke Wiskunde Fisiese Wetenskap en enige twee ander vakke buiten Lewensoriëntering.

**Let wel:** Vir die BScLArch-studieprogram word Fisiese Wetenskap of Lewenswetenskappe of Geografie aanvaar; die minimum prestasievlak bly ’n 4.

**Oorskakeling**

Ingeskrewe studente in ander studieprogramme kan aansoek doen om na die Departement Argitektuur oor te skakel. Vir hierdie kandidate is die eerste keuringsrondte gebaseer op hulle Graad 12-uitslae (sien toelatingsvereistes) hulle akademiese rekords en gedetailleerde geskrewe motiverings waarin die redes vir oorskakeling duidelik uiteengesit word.

Studente wat tans by UP geregistreer is kan bogenoemde dokumente regstreeks by die Toelatingsbeampte Skool vir die Bou-omgewing indien. Studente wat by ander tersiêre instellings geregistreer is moet via die Kliëntedienssentrum aansoek doen. Let op die sluitingsdatum. Geen kandidaat sal toegelaat word om vir enige module te registreer voordat finale toelating op grond van keuring toegestaan is nie.

**Nasionale Normtoets (National Benchmark Test – NBT)**

Die Departement Argitektuur vereis nie van alle aansoekers om die NBT (algemeen bekend as die Nasionale Normtoets) af te lê nie. In spesiale gevalle waar dit wel vereis word sal dié kandidate deur die Toelatingsbeampte in kennis gestel word van die reëlings. Kandidate wat ook by ander departemente en instellings aansoek wil doen word aangeraai om seker te maak of die toets wel elders vereis word.

**Toelatingsvereistes**

- Ten einde te kan registreer moet NSS/IEB/Cambridge-kandidate voldoen aan die minimum vereistes vir graadstudie asook aan die minimum vereistes van die betrokke studieprogram.
- Lewensoriëntering word uitgesluit by die berekening van die TPT.
- Graad 11-uitslae word gebruik vir die voorlopige toelating van voornemende studente.
- ’n Geldige Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) met toelating vir graadstudies word vereis.
- Minimum vak- en prestasievereistes, soos hieronder uiteengesit, word vereis. Op eerstejaarsvlak het studente ?

keuse tussen Afrikaans en Engels as taalmedium. In verskeie gevalle word lesings slegs in Engels aangebied, byvoorbeeld vir keusemodules waar die dosent nie Afrikaans magtig is nie, of indien dit nie ekonomies of prakties regverdigbaar is nie.

| **Minimum vereistes vir 2016** | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Prestasievlak** | | | | | | | | | | | | |
| **Afrikaans of Engels** | | | | **Wiskunde** | | | | **Fisiese Wetenskap** | | | | **TPT** |
| NSS/IEB | HIGCSE | AS-Level | A-Level | NSS/IEB | HIGCSE | AS-Level | A-Level | NSS/IEB | HIGCSE | AS-Level | A-Level | |
| 5 | 3 | C | C | 4 | 3 | D | D | of Geo-grafie of Lewens-weten-skappe 4 | of Geo-grafie of Lewens-weten-skappe 3 | of Geo-grafie of Lewens-weten-skappe D | of Geo-grafie of Lewens-weten-skappe D | 27 |

- Keuringsprogram: Keuring sluit 'n onderhoud in.

**Praktiese vereiste**

Minstens een jaar se werk of reis word aanbeveel.

**Belangrike datums**

Die Universiteit van Pretoria se akademiese jaar begin in Januarie en eindig vroeg in Desember. Die jaar word in twee semesters (of vier kwartaalmodules) verdeel met kort resesse in April Julie en September. Studente word aangeraai om gedurende die resesse in praktyke te werk sodat hulle praktiese ervaring kan opdoen. Die universiteitskalender is aanlyn beskikbaar by www.up.ac.za/calendars.

**1 Maart:** Aansoeke vir toelating tot die volgende akademiese jaar open. Aansoeke word by die Kliëntedienssentrum ingehandig of kan aanlyn ingestuur word.

**30 Junie:** Laaste dag om alle voorgraadse aansoeke om toelating tot die Departement Argitektuur vir die volgende akademiese jaar in te dien. Hierdie afsnydatum geld ook vir alle aansoeke om oorskakeling.

**Junie/Julie/Augustus/September:** Departementele keuringstoetse word afgeneem op geskeduleerde Saterdae. Datums word outomaties toegeken en kan nie verskuif word nie.

**Oktober-reses: 4 Oktober tot 12 Oktober 2015:** Finale keuringsonderhoude vir kandidate op die kortlys.

**31 Oktober:** Keuringsuitslae is beskikbaar. Kandidate word skriftelik van die uitslae in kennis gestel.

**30 November:** Laaste dag waarop gekeurde studente hulle keuring kan bevestig en deposito’s kan betaal of reëlings vir betaling kan tref.

## Addisionele vereistes

**Let wel:** Studente wat na ander programme in die Departement Argitektuur wil oorskakel, moet skriftelik toestemming verkry van die toelatingskomitee.

## Ander programspesifieke inligting

**Gelyktydige aanbieding**

Tydens die derde studiejaar moet Ontwerp, Konstruksie, Omgewingsleer, Plantwetenskap en Aardleer in dieselfde jaar geëksamineer word.

**Toekenning van graad**

Die graad word toegeken aan ’n student wat al die voorgeskrewe krediete vir die programmodules verwerf het.

## Bevordering tot volgende studiejaar

‘n Student word na die volgende studiejaar bevorder nadat die vereiste aantal modulekrediete van die vorige studiejaar verwerf is.

Die jaar van inskrywing van die student word deur die inskrywing van die jaar van Ontwerp bepaal.

Studente wat nie vir Ontwerp ingeskryf is nie se studiejaar word bepaal deur die hoogste ontwerpmodule wat die student verwerf het.

**Let wel:** Studente wat nie na die volgende studiejaar bevorder word nie, en wat vir modules in ’n opvolgende studiejaar wil registreer, moet die goedkeuring van die programkoördineerder en Departementshoof verkry. Studente moet om hertoelating tot die Departement Argitektuur aansoek doen in gevalle waar:

- (i) ’n student nie na die tweede studiejaar bevorder word nie;
- (ii) ’n student na herhaling van ’n studiejaar, nie na die daaropvolgende studiejaar bevorder word nie.

## Slaag met lof

Die BScLArch-graad word met lof toegeken aan ’n student wat met eerste registrasie beide Ontwerp 302 en Konstruksie 320 met lof (minimum 75%) slaag mits die graad binne die minimum voorgeskrewe tydperk voltooi en alle ander finalejaarmodules met eerste registrasie geslaag is met geen hereksamens of spesiale eksamens nie.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.